

Skriflesing en Gebed

Num 13:1-2; Num 13:17-14:11

Tema: **Geloof bepaal my uitkyk op 2014.**

Ongeloof sien net die reuse raak.

Geloof sien God bo die reuse raak.

As iemand jou stuur om 2014 te gaan verken, hoe sal jou verslag klink? Jy sal waarskynlik iets oor finansies sê, of oor die verkiesing of oor jou werk of oor die nuwe graad in skool waarheen jy oppad is.

In Num 13 stuur Moses, in opdrag van die Here, 12 verkenner uit om beloofde land te gaan verken.

Hulle doen dit en kom met 'n eenparige feiteverslag terug. Daar is goeie en slegte nuus:

Die goeie nuus is dat dit 'n buitengewoon goeie land is wat oorloop van melk en heuning. By die Eskolspruit pluk hulle een druiwetroos waaraan 2 manne moet dra.

Slegte nuus is dat die mense wat in die land woon sterk en die stede versterk en baie groot is.

Die mense is afstammeling van Enak. Hulle is berug as groot en sterk soldate.

As die verkenner begin vorentoe kyk, ontstaan daar 'n radikale verskil van mening. Die verskil word gemaak deur 'n ongelowige of gelowige kyk na die toekoms.

1. Ongeloof sien net die reuse.

Die meerderheid verkenner, 10 manne, sê: "Ons kan nie teen daardie mense optrek nie, want hulle is sterker as ons." Hulle is nie net sterker as ons nie. Hulle is reuse. "Ons was soos sprinkane in ons eie oë, en so was ons ook in hulle oë."

Ongeloof sien net reuse en **lei tot geheueverlies**.

Die volk vergeet wie God is en wat God vir hulle gedoen het. Hulle vergeet van God wat hulle uit Egipte bevry het en hulle lei deur 'n wolk- en vuurkolom. Hulle vergeet van hulle verlossing by die Rietsee.

Hulle vergeet van kwartels, manna en water uit 'n rots. Hulle vergeet van God se beloftes dat Hy die land aan sy volk sal gee. Hier op die rand van die beloofde land vergeet hulle van God wat in hulle midde is.

Hulle ongelooft en vergeet lei tot negatiwiteit.

Die manne wat sopas verslag gedoen het oor die positiewe dinge van die land, versprei 'n slegte gerug onder die Israëliete. Nou sê hulle: Die land wat ons gaan verken het, is 'n land wat die lewe vir sy inwoners onmoontlik maak, 'n land wat sy "inwoners opeet." Die mense wat ons daarin gesien het, is almal reuse. Teenoor hulle is ons soos springkane.

En die negatiwiteit steek aan:

Daardie nag het die hele volksvergadering aanhoudend gekla. Hulle kom in verzet teen Moses en Aäron.

Hulle dreig om vir Josua en Kaleb met klippe dood te gooi. En die ergste is, hulle bevraagteken God se plan met hulle.

In ongelooft wil hulle net teruggaan.

Hulle is ongeveer 1½ jaar lank weg uit Egipte, maar hulle het skielik skoon vergeet van die ellende wat hulle daar beleef het. Ag, as ons maar in Egipte of in hierdie woestyn gesterf het! Waarom het die Here ons na hierdie land toe gebring? Net om doodgemaak te word? Ons vrouens en kinders sal krygsgevangenes word. Hulle sê vir mekaar: "Kom ons kies 'n leier en gaan terug Egipte toe!"

Die volk se reaksie kos hulle 40 jaar. Almal ouer as 20 jaar wat in opstand was, sterf in die woestyn.

Maar voor ons die volk se ongeloof en kleingeloof bevraagteken, moet ons onself afvra of dit nie vandag steeds ook maar so by ons gaan nie?

Hoor hoe praat ons met mekaar. Ons sê vir mekaar dat ons niks werd is nie en niks kan doen nie. Ons kla, is in opstand en wil gedurig terug na die goeie ou dae. Verseker was daar goeie dinge in dié ou dae wat ons nie moet verloor nie. Maar daar was ook maar baie sleg. Sommige dinge waaroor ons as kinders van die Here ons koppe in skaamte moet laat sak.

Maar hoe ons ookal daarvoor dink, 2013 is verby. En dit is net in roei en toutrek wat jy kan wen terwyl jy agteruit gaan. Ons kan nie teruggaan nie. 2014 lê nou voor.

Is daar 'n ander, beter manier om na 2014 te kyk as met ongeloof en met geheueverlies en negatiewiteit? Verseker is daar. Ons kan na die nuwe jaar uitsien in geloof.

2. Geloof sien God bo die reuse.

Geloof kyk ook rond.

Geloof het nie oogklappe aan en is nie vreemd aan die realiteit nie. Geloof sien die hoogtepunte en vreugde, maar weet ook dat ons in die jaar wat voorlê met ons kwota reuse te doen gaan kry. Daar is reuse soos geweld; korrupsie en geestelike en morele verval in die land. Daar gaan reuse in die gemeente en in ons persoonlike lewens wees.

Maar geloof kyk in die eerste plek op en sien bo-alles vir God.

Josua en Kaleb lewer hulle geloofsverslag. Hulle sê vir volk – “sijt, luister: “Ons moet beslis optrek en die land in besit neem, want ons kán dit doen.”

Hoe gaan die volk dit regkry? Hulle as mense gaan dit verseker nie op hul eie regkry nie.

Ons lees Numeri 14:8-9:

“As die Here ons goedgesind is, sal Hy ons na hierdie land toe bring en dit aan ons gee, 'n land wat oorloop van melk en heuning. Julle moet net nie teen die Here in opstand kom nie. Moet ook nie vir die mense van die land bang wees nie, want ons sal hulle maklik verslaan. Hulle gode sal hulle nie kan beskerm nie. **Die Here is by ons.** Moenie vir hulle bang wees nie!”

Die Here is by ons. Moenie vir 2014 bang wees nie.

Dit is nodig dat ons die preek hier onderbreek en vir mekaar sal vra: Hoe groot is God vir jou? Moenie sy almag onderskat nie! Moenie die wonders wat Hy in jou lewe gedoen het, waarvan die kruis die grootste is, vergeet nie! Die Here is die enigste onoorwinbare reus. Hou Hom voor oë.

Dit is wat geloof is: om op te kyk en God toe te laat om God wees.

Ons het sopas bely: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.

Dit beteken: Ek glo in God wat hemel en aarde en alles gemaak het en dit vandag steeds onderhou en regeer.

Ek glo in God wat my so liefhet, dat Hy sy enigste Seun gestuur het om mens te word sodat ek kan lewe.

Ek glo in God wat in beheer is, ook van my lewe en my toekoms. Ek glo in God wat groter is as enige reuse wat in 2014 oor my pad gaan kom.

Glo jy hierdie God? Ek vra nie of jy bely dat jy in hierdie God glo nie. Glo jy in hierdie God?

Geloof is ook om God op sy Woord te vat

Ons het sopas God se Kersgeskenk aan almal van ons gevier. Sy naam is Immanuel “God by ons.”

Hy is my en jou Verbondsgod. Deur Woord en doop verseker Hy ons elkeen: “Ek sal jou God wees en die God van jou nageslag.”

Jy is nie 'n springkaan nie. God het jou gekies! Jy is die Koning se kind! Hy is by ons.

Glo jy dit?

Geloof is om weg te kyk van jouself. Dit is om op te kyk van die reuse en God te sien en jou vertrou in Hom alleen te plaas.

Geloof is om op Hom en sy almag te vertrou. Geloof is om te weet die Here is my God. Hy sal vir my lei deur hierdie nuwe jaar. Die Here is by my. Daarom is ek nie bang nie!

Afsluiting

Max Lucado vertel die volgende storie van toe sy dogtertjie Sara 4 jaar oud was. Haar gunsteling speletjie was om voluit te hardloop en om in haar pa se arms in te duik. As hy nie waaksaam was nie of haar misgevang het, sou sy ernstig beseer kon word. Maar elke keer het hy haar getrou gevang. Een dag terwyl Sara weer in haar pa se arms geduik het, het haar ouer suster Andrea die speletjie dopgehou. Max vra toe sy jongste: Sal jy so in Andrea se arms ook induik? Sara het geweier om dit te doen.

Haar pa wou weet waarom sy nie in haar ouer suster se arms wou induik nie.

Die vierjarige se antwoord was dood eenvoudig: **"I only jump to big arms."**

Inderdaad. Dit is wat ek en jy ook moet doen.

Die enigste onoorwinbare Reus in jou en my lewe en in die wêreld om ons, is ons God.

Spring in geloof in sy groot arms.

Amen